LAERSKOOL GOEDEHOOP
# Goedes Nuusbrief
GROEI EN BLOEI
NUUSBRIEF 8/2026

## Mnr Gawie sê sy sê...Soms is dit jou beurt

Vanmiddag stap ek in ons kombuis in…en vir 'n paar sekondes staan ek net stil. Die son val deur die venster en rus sag op een plant op die toonbank. Alles rondom hom is in skadu…maar op daardie oomblik was dit sý beurt om te skyn. En dit het my diep laat dink. Die lewe werk ook so. Ons almal verlang na daardie warm lig – die oomblikke waar dinge reg loop, waar mense jou raaksien, waar jy voel jy groei en blom. Maar die waarheid is…die son bly nie vir altyd op een plek nie. Soms is dit jou beurt om te straal. Soms voel dit of jy in die skadu staan en wonder wanneer jou tyd weer gaan kom. En dis juis daar waar ons harte sag moet bly. Want nie elke dag is jou dag nie. Nie elke seisoen is jou seisoen nie. Maar dit beteken nie jou son het verdwyn nie…dit beweeg net. Môre bring nuwe lig. Nuwe kanse. Nuwe hoop. En terwyl jy wag vir jou beurt in die son, leer om ander se lig te vier. Leer om bly te wees wanneer dit op iemand anders skyn. Want die wêreld raak soveel mooier wanneer ons mekaar se oomblikke gun.

## Goegieland

Baie dankie aan almal vir die moeite en kreatiwiteit met Emoji-dag. Dit was heerlik om al die vrolike en kreatiewe uitrustings te sien. Assessering is byna afgehandel. Moet asseblief nie maats onnodig tuis hou nie, sodat ons die laaste assesserings kan voltooi. Merk asseblief alle klere en besittings. Daar is tans heelwat items wat verlore raak omdat dit nie gemerk is nie. Indien u kind iets vermis, loer gerus by die "lost and found".

**OUERLEIDING: DIE BELANGRIKHEID VAN SELFSTANDIGHEID -** Selfstandigheid help kinders om selfvertroue te bou en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel. Deur kleuters klein take self te laat doen - soos om hul skoene aan te trek, hul tas te pak of hul kosblik oop te maak - leer hulle dat hulle dinge self kan regkry. Dit bou trots, verantwoordelikheid en help hulle om beter voorbereid te wees vir die formele skooljare. Sukkel maak jou slim. Gee kinders soms die geleentheid om self te sukkel sodat hul selfstandig die "probleem" kan oplos. Gebruik die woorde "Watter plan kan jy maak?" om die denkproses te bevorder.

Groete uit Goegieland


## Atletiek MPU-span

Baie geluk aan Emma du Plessis, HW Meyer, Jayden Ferreira en Chloé Kleb. Hulle is gekies om Mpumalanga te verteenwoordig by Atletiek SA's vanaf 19 tot 21 Maart 2026. Hulle het tydens MUSSA's te LS Kragbron, Witbank hul plekke verseker in die Mpumalanga-span. Ons is baie trots op julle!










## Week se Program

### 10 Maart 2025

- Rugby te LS Baanbreker
- Netbal te LS Baanbreker

### 12 Maart 2025

- Toets: SW

### 13 Maart 2025

- Rugby te LS JJ vd Merwe
- Netbal te LS JJ vd Merwe

### 13 & 14 Maart 2025

- Redenaars Super 12



## Redenaars

Op 27 Februarie 2025 het van die Graad 6- en Graad 7-leerders die geleentheid gehad om 'n onvoorbereide kurses by te woon. Die gesoute Juffrou Marianna Victor het die kurses kom aanbied en seker gemaak daar word geleer en gelag. Leerders moes hul eie redenaarspraatjies in 'n uur skryf en dit wil gedoen wees! Eie idiome moes uitgedink word asook vergelykings. Dit was beslis genotvol om te hoor hoe elke leerder kreatief kan dink en situasies uit redeneer. Baie geluk aan elke leerder wat deel was van die middag! Dié redenaarsjaar gaan vol opinies wees!




## Skaak

Omdat die rugbyseuns en netbaldogters van 14:00 tot 15:00 op Maandae oefen, het ons besluit om die tye van ons oefening op Maandae te skuif na 15:00 tot 16:00. Beginnerskaak in T19 by Juf. Beertjie en Skaakoefening by Juf. Bytjie in K5 sal dus vanaf Maandag 9 Maart 2026 om 15:00 tot 16:00 plaasvind. Sien julle daar! Die meer ervare maats wat reeds by Juf. Carin Baard oefen op 'n Woensdag van 15:00 tot 16:00 gaan voort met hul oefening soos altyd. Ons sien uit na 'n opwindende skaakseisoen.

## Netbal 1stes 2026

Ons stel die Netbal 1ste-span van 2026 bekend!
Cayleigh Cooper
Crysta-Lee Louw
Chaelyn Amsterdam
Mieke Bam
Mikayla Smit
Jané Kasselman
Mia van Eeden
Monique du Plessis







| 9 Mrt | 10 Mrt | 11 Mrt | 12 Mrt | 13 Mrt | 14 Mrt | 15 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ryneke Marais<br>Wesson Marais<br>Ruben Rupping<br>Keandre vd Merwe | Alienke Wessels | Adam Janssen<br>Tristan Naudé<br>Jolianne vd Heever<br>Joanica vd Heever<br>Chanel Minnie<br>Brandon Small | Luhandré Cronjé<br>Juwian vd Merwe<br>Lika de Jongh | Zanduray Spruew<br>Liané Visser<br>Stian Storm<br>Angelique Ferreira<br>Donné Pretorius | JJ Symington<br>Dawid Momberg<br>Christiaan Hattingh | Wikus Meintjes<br>Alyssa Grobbelaar<br>Bailey Berry<br>Stephen Mouton |

## Atletiek MPU


Baie geluk aan ons atlete wat tydens die Mpumalanga Atletiekbyeenkoms in die eerste vier plekke geëindig het. Ons is baie trots op julle!

| | |
|---|---|
| Arlu Greeff | - 1ste o/9S 60m |
| | - 4de o/9S 600m |
| Handré Carstens | - 3de o/9S 60m |
| Dian Viljoen | - 4de o/13S 100m |
| Rori Mokheseng | - 3de o/9S 600m |
| Cloé Kleb | - 2de o/13D 800m |
| Emma du Plessis | - 1ste o/12D 1200m |
| Jayden Ferreira | - 2de o/13S 80mH |
| | - 2de o/13S 200mH |
| Manny Neto | - 4de o/12D Verspring |
| Jeandré Oosthuizen | - 2de o/13S Gewigstoot |
| Zani Venter | - 2de o/12D Spiesgooi |
| HW Meyer | - 1ste o/12S Spiesgooi |

























## Rainbow Rush

Loop dit. Hardloop dit. Kleur dit. Bring jou mense en maak herinneringe by Rainbow Rush! Inskrywings nou oop! Goedehopers direk op Karri-toep. Publiek klik op die skakel.

# Rainbow Rush

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

